Tekste: Gesang 528: 1; Psalm 128: 1.
Fokus teks: Handelinge 7: 54-60, 2020.
Liedere: VONKK 104: 1-3; Gesang 542: 1-2; Gesang 509: 1, 2 en 4; Gesang 528: 1-3; Gesang 519: 1-4.

---

AANKONDIGINGS:

Oomblik van stilte, ingelei deur die klok wat lui.

TOETREDE:

Wat 'n vriend het ons in Jesus. As sorge van die lewe of bekommernis ons kwel, bly die Heer ons beste toevlug ~ VONKK 104: 1-3.

VOTUM:

Leer my U wil, Heer, u doel met my – U, Pottebakker, met my, die klei. Vorm my en maak my volgens u wil; op U vertrou ek, nederig stil (Gesang 528: 1).

SEËNGROET:

Geseënd hy wat handel soos God wil en Hom vrees. Wie op Sy weë wandel, hy sal gelukkig wees. Jy word gevoed met goedheid, jy wat die Here dien; die opbrengs van jou arbeid, dit sal jou oë sien (Psalm 128: 1).

LOFSANG:

Jesus, ons loof U! Jesus, ons prys U! ~ Gesang 542: 1-2.

Tekste: Gesang 528: 1; Psalm 128: 1.
Fokus teks: Handelinge 7: 54-60, 2020.
Liedere: VONKK 104: 1-3; Gesang 542: 1-2; Gesang 509: 1, 2 en 4; Gesang 528: 1-3; Gesang 519: 1-4.

---

BARTOLOMEUSNAG:

https://www.youtube.com/watch?v=4pa5c_dcMdc

GELOOF & VERTROUE: Gesang 509: 1, 2 en 4

GEBED:

PREEK:

So lank as wat die mens op aarde bestaan, het die mens lyding (swaarkry, versoeking, beproewing en aanvegting) ervaar. God se kinders het van die begin af ook lyding ter wille van hulle geloof geken. Dit is immers deel van ons bestaan op hierdie gebroke en stukkende aarde. Die volk Israel is dikwels geveg vir hulle geloof. Paulus het telkens in die tronk beland, nie omdat hy 'n krimineel was nie, maar omdat hy Jesus Christus onvoorwaardelik, oral, en altyd verkondig het. Jesus is in Jerusalem gevange geneem, hy is geslaan en mishandel en verneder, nie omdat hy 'n kriminele rekord gehad het nie, maar omdat hy die Verlossing in die Drie-Enig God verkondig het.

Tekste: Gesang 528: 1; Psalm 128: 1.
Fokus teks: Handelinge 7: 54-60, 2020.
Liedere: VONKK 104: 1-3; Gesang 542: 1-2; Gesang 509: 1, 2 en 4; Gesang 528: 1-3; Gesang 519: 1-4.

---

Tot vandag toe is daar mense wat lyding ervaar as gevolg van hulle geloof in God – ons noem hulle ook martelare. Hier in Suid-Afrika kry ons die Hugenote monument in die pragtige Wes-Kaapse dorpie Franschhoek. Die monument is opgerig ter nagedagtenis van ons Franse (Europese) voorouers wat met Bartolomeusnag en ander geskiedkundige gebeure letterlik vervolg, in die tronk gegooi, op brandstapels verbrand, aan galg toue opgehang en doodgemaak vir hulle geloof.

Die geskiedenis van martelare (mense wat as gevolg van hulle geloof lyding ervaar het) durf nie deur ons vergeet word nie. In die tweede eeu n.C., toe duisende gelowiges doodgemaak is vir hulle geloof in Christus, het Tertullianus (wat ŉ teoloog was in Noord-Afrika) gesê: “Die bloed van die martelare is die saad van die Kerk”.

Daar is die Mense wat nie soos ons in vryheid as gemeente kon bymekaarkom nie. Ons het hierdie voorreg om Sondae kerk toe te kom en heeltemal vry (sonder die

vrees van vervolging) as gemeente te aanbid. Waardeer ons dit? Meer nog - Besef ons dit? Sien u dit is hoekom ons dit nodig het om van tyd tot tyd oor die martelare van die kerk te praat. Dit behoort ons aan te gryp en tot dankbaarheid aan te spoor. Dit behoort ons verskonings te laat opdroog en ons aktief tot bediening en diens te roep.

Vandag gee ons aandag aan een van die eerste martelare. Sy naam is STEFANUS.

SKRIFLESING: 7: 54-60
“54Toe die lede van die Joodse Raad dit hoor, het hulle
van woede op hulle tande gekners.
55Maar Stefanus, vol van die Heilige Gees, het opgekyk
na die hemel en die heerlikheid van God gesien en Jesus
wat aan die regterhand van God staan. 56“Kyk,” het hy
gesê, “ek sien die hemel geopen en die Seun van die
mens wat aan die regterhand van God staan.”
57Toe het hulle hard geskreeu en hulle ore toegedruk.
Soos een man het hulle op hom afgestorm, 58hom uit die

stad uitgesleep en gestenig. Die getuies het hulle klere
neergesit by 'n jongman met die naam Saulus.
59Terwyl hulle vir Stefanus stenig, het hy geroep: “Here
Jesus, ontvang my gees!” 60Toe het hy op sy knieë
neergesak en hard uitgeroep: “Here, moet hulle tog nie
hierdie sonde toereken nie!” Met hierdie woorde het hy
gesterwe.”

Ons lees vroeër in die boek Handelinge dat Stefanus as een van die eerste sewe diakens, van die kerk, verkies is. As diaken was hy verantwoordelik vir die diakonale versorging van die gemeente in Jerusalem. Ons weet dat hy ‘n besonderse goeie diaken was. Hy het die evangelie met woord en daad verkondig, barmhartigheidswerk gedoen en in besonder die armes versorg. Stefanus se voorbeeld het mense na die Christelike Geloof aangetrek – mense wat selfs bereid was om alles prys te gee en martelare van Christus te word.

Stefanus se onberispelike voorbeeld van hoe ‘n volgeling van Christus moet leef, het hom mettertyd by die Joodse

Raad in die moeilikheid gebring. Veral sy verkondiging dat 'n mens nie deur die nakom van wette gered word nie en ook kan getroue diens aan die tempel jou nie red nie – dit het die Joodse Raad beweeg om hom gevange te neem en van Godslastering aan te kla en tereg te stel.

Die verhoor verloop aanvanklik baie rustig. As Stefanus egter vertel dat hy 'n visioen sien en in hierdie visioen sit Christus aan die regterhand van die Vader begin hulle skree ... hulle sleep hom tot aan die buitekant van die stad, waar hulle hom met klippe doodgooi.

As Stefanus vertel van Christus aan die Vader se regterhand (in die hemel), weet hy dit gaan die Jode ontstel. Hulle het nie lank tevore die einste Jesus ook vir Godslastering aan 'n kruis laat spyker. As Jesus nou aan die regterhand van die Vader sit, dan was hy die messias en het hulle sy aardse dood veroorsaak.

Stefanus het 'n keuse gehad. Bly stil en leef of vertel die waarheid oor Christus en sterf.

Tekste: Gesang 528: 1; Psalm 128: 1.
Fokus teks: Handelinge 7: 54-60, 2020.
Liedere: VONKK 104: 1-3; Gesang 542: 1-2; Gesang 509: 1, 2 en 4; Gesang 528: 1-3; Gesang 519: 1-4.

---

Hierdie ware verhaal van ‘n martelaar ter wille van Christus konfronteer ons in 2024 weer. Dit spreek ons aan. Dit roep ons op. Stefanus bly aan Jesus Christus getrou in moeilike omstandighede, in onmenslike omstandighede. Hy weet hy gaan wreed sterf, maar hy bly nie stil oor Christus Jesus nie.

Ons elkeen sê ons is ‘n volgeling van Jesus Christus.
Hoe ernstig is ons?
Sal ons tot die dood toe bely ons is Christus Jesus volgelinge?

Die verhaal gee ook die sleutel tot volharding. Daar word vertel hoe Stefanus die vermoë ontvang het om tot die dood toe staande te bly. Ons lees hy het Jesus duidelik gesien. As ons opreg en eerlik op Christus se wee loop sal ons ook die vermoë ontvang om Jesus duidelik te sien. Sal ons ook end uit staande kan bly. Krag na kruis, soos ons voorouers geleer het.

Dit dui op ‘n opregte en eerlike verhouding met Jesus. Nie ‘n met die lippe en gemaklike verhouding nie. MAAR ‘n verhouding waar ek so naby aan Jesus leef dat ek hom met die geestes oog duidelik sien, dit is die dag as ek ophou verskonings maak. Dit is die dag waar ek Jesus nie met die mond nie, maar ook met my hele lewe eerste stel.

Wanneer ek so naby aan Jesus lewe dat ek hom “sien” dan sal ek krag ontvang wat ‘n mens se verstand te bowe gaan. Krag wat my selfs fisiese lyding ter wille van Christus sal laat deurstaan.

In die oomblik wat die klippe Stefanus se liggaam stukkend en pap gooi, roep hy uit: Here Jesus, ontvang my gees! Hy dink selfs aan hulle wat hom so wreedaardig behandel: Here, moet hulle tog nie hierdie sonde toereken nie! Hierdie optrede is net moontlik as die Gees van God beheer van jou lewe oorgeneem het.

Tekste: Gesang 528: 1; Psalm 128: 1.
Fokus teks: Handelinge 7: 54-60, 2020.
Liedere: VONKK 104: 1-3; Gesang 542: 1-2; Gesang 509: 1, 2 en 4; Gesang 528: 1-3; Gesang 519: 1-4.

---

Voordat die klippe op Stefanus neer gereën het, het hulle eers sy klere uitgetrek – 'n mens kan mos nie klere mors nie. By die klere staan 'n jong Saulus. Die verhaal vertel dat hy ingestem het met die gebeure. Dit was vir hom goed dat Stefanus so 'n wrede dood moet sterf. Hierdie jong Saulus is niemand anders as Paulus nie. Stefanus se optrede in die geloof moes 'n indruk op die jong Saulus en ander twyfelaars gelaat het. Ek glo dit was deel van die pad wat Saulus by God uitbring.

Soms is dit moeilik om te glo as ons om ons kyk en al die lyding van onskuldige Christene raaksien. Soms is dit moeilik om te glo as ons self lyding ervaar. Goeie gelowige Christene kry ook seer en ook swaar. Hulle word ook martelare van Christus. Oor die eeue het hierdie martelare staande gebly omdat hulle vasgehou het aan Christus – die kruis – die opstanding en die hemelvaart. Trouens die bloed van die martelare was nog altyd die saad van die kerk.

Wat het ek en jy vandag by die tale martelare deur die geskiedenis geleer?

Amen!

SLOTSANG:

Leer my u wil, Heer, u doel met my. Leer my u wil, Heer, u plan met my. Vul met u Gees my, breekbare kruik, dat U my oral nuttig gebruik ~ Gesang 528: 1-3.

SEËNBEDE:

Die Here is voor jou om die pad gelyk te maak.

Die Here is langs jou om jou hand vas te hou.

Die Here is agter jou om die Bose te verslaan.

Die hand van die Here is onder jou om jou te dra as jy swak is en jou op te help as jy val.

Die Here is rondom jou om jou te beskerm.

Die Here is bokant jou om jou te seën.

Die Here is binne-in jou, want Hy lei jou deur sy Heilige Gees.

Die Here is vir jou, want Jesus pleit vir jou.

Tekste: Gesang 528: 1; Psalm 128: 1.
Fokus teks: Handelinge 7: 54-60, 2020.
Liedere: VONKK 104: 1-3; Gesang 542: 1-2; Gesang 509: 1, 2 en 4; Gesang 528: 1-3; Gesang 519: 1-4.

---

Die Drie-enige God is by jou, van nou af tot in ewigheid. Amen.

WEGSENDING:

Gesang 519: 1-4 ~ Wees stil en weet: Ek is die Heer.